higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

FINANSIËLE BESTUUR
NKR VLAK 4

23 NOVEMBER 2018

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 10 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1	1.1.1	E	
	1.1.2	I	
	1.1.3	A	
	1.1.4	G	
	1.1.5	L	
	1.1.6	K	
	1.1.7	D	
	1.1.8	F	
	1.1.9	B	
	1.1.10	C	
			(10 × 1) (10)
1.2	1.2.1	B	
	1.2.2	B	
	1.2.3	A	
	1.2.4	C	
	1.2.5	A	
			(5 × 1) (5)
1.3	1.3.1	20 000✓ × 2✓ = R40 000✓	
	1.3.2	Vaste koste + Veranderlike koste 15 000✓ + 40 000✓ = R55 000✓	
	1.3.3	Verkoopsprys – Veranderlike koste per eenheid R5✓ – R2✓ = R3✓	
	1.3.4	VK/GI 15 000✓/ 3☑ = 5 000 eenhede✓	
	1.3.5	GBE × SP per eenheid 5 000✓ × R5✓ = R15 000✓	
			(5 × 3) (15)
1.4	1.4.1	3 100 × 20% = R620✓ OF: 3 100 × 120% = R3 720 620 + 3 100 = R3 720 ✓	(2)
	1.4.2	3 400 – 3 900 ✓ = (R500)✓ OF: –R500 OF: R500 Ongunstig	(2)
	1.4.3	295 – 210 = R85✓ Gunstig✓	(2)
	1.4.4	R590 × 15% = R88,50✓ OF: R590 x 85% = R501,50 R590 – 88,50 = R501,50✓	(2)
	1.4.5	Ongunstig	(1)

1.4.6 Versekering (1)
[40]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

VRAAG 2

2.1
- Hulle leen die geld uit sonder om vir aanvullende sekuriteit te vra.
- Hulle vra moontlik nie rente op die lening nie.
- Indien hulle wel rente op die lening hef, kan dit teen 'n lae rentekoers wees.
- Hulle is moontlik inskiklik betreffende terugbetaling van die lening.

(Enige 2 of toepaslike antwoord – 2 × 2) (4)

2.2
- Sy sal al haar spaargeld verloor as die onderneming misluk.
- Sy gaan die rente verloor wat sy sou ontvang het as sy haar spaargeld eerder belê het.

(Enige 1 of toepaslike antwoord – 1 × 2) (2)

2.3
- Sy kan die jongste inligting op die internet of uit die media bekom.
- Sy kan vergaderings van sakegroepe bywoon om inligting in te win.

(Enige 1 of toepaslike antwoord – 1 × 2) (2)

2.4
- Hulle kan die verantwoordelikhede van die onderneming se bestuur deel.
- Morné Carelse is ook 'n fotograaf en verstaan dus haar besigheid en die produkte/dienste wat sy lewer. Hy sal derhalwe waarde tot haar onderneming toevoeg.
- As vennoot kan hy addisionele kapitaal in die onderneming inbring.

(Enige 2 of toepaslike antwoord – 2 × 2) (4)

2.5
- Voertuig
- Spaargeld
- Digitale kamera en ander toerusting

(Enige 2 × 1) (2)

2.6 2.6.1 R50 000
2.6.2 R1 000 000

(2 × 1) (2)

2.7
- Dit moet kan sluit.
- Dit moet veilig wees.
- Dit moet vogbestand en insektebestand wees.
- Dit moet groot genoeg wees sodat sy die lêers maklik daarin kan opspoor.

(Enige 3 of toepaslike antwoord – 3 × 1) (3)

2.8 R50 000,00 × 4 jaar✓ x 9%✓ = R18 000,00 rente

R50 000,00 + R18 000☑ = R68 000,00

R68 000☑ / 48 maande✓ = R1 416,67 per maand✓ (6)

2.9 2.9.1 Direkte koste
2.9.2 Direkte koste
2.9.3 Direkte koste
2.9.4 Indirekte koste

(4 × 1) (4)

2.10 2.10.1 R14 400 + R7 200✓ = R21 600✓ (2)
2.10.2 200 × R120✓ = R24 000✓ (2)
2.10.3 R36 000 – R21 600✓ = R14 400✓ (2)
2.10.4 160 × R300✓ = R48 000✓ (2)
2.10.5 40 bokse✓ (1)

2.11
- Haar onderneming kan 'n slegte reputasie verkry.
- Sy gaan kortings verloor.
- Die verskaffer/krediteur kan rente begin hef.
- Die verskaffer/krediteur sal nie weer met haar wil sake doen nie.

(Enige 2 of toepaslike antwoord – 2 × 1) (2)
[40]

VRAAG 3

3.1 'n Begroting is 'n rekord van geprojekteerde/toekomstige/geraamde✓ inkomste en uitgawes oor 'n bepaalde tydperk.✓

(OF 'n soortgelyke definisie) (2)

3.2
- 'n Gebrek aan finansies: Sy kan 'n lening aangaan.
- Onklaarraking van kamera/druktoerusting: Sy moet die toerusting gereeld laat versien.
- Perseel kan te klein word: Sodra produksie toeneem, kan die perseel te klein word en kan die huurgeld styg.
- Beperkte bergingsruimte: Sy kan nog kabinette aankoop.
- 'n Tekort aan werknemers om haar by te staan: Sy moet werknemers aanstel en oplei wanneer dit vereis word.

(Enige 2 toepaslike interne beperkinge [1 punt elk] en die bestuur daarvan [1 punt elk]) (4)

3.3 'n Buigsame begroting is 'n begroting wat vir veranderinge in die volume aktiwiteite aangepas kan word. (OF 'n soortgelyke antwoord) (2)

3.4 3.4.1 R32 050 – R36 020✓ = (R3 970)✓
OF: –R3 970 OF: R3 970 – negatief (2)

3.4.2 R130 850 – R59 500 ✓ = R71 350✓ (2)

3.4.3 Positief✓ (1)

3.4.4 Met 'n goeie bemarkings- of reklamestrategie kan verkope toeneem.✓✓ (OF enige toepaslike antwoord) (2)

3.4.5
- Stel gereeld kontantvloeistate op om die onderneming se kontantvloeiposisie vas te stel.
- Betaal krediteurerekening betyds.
- Kry debiteurerekeninge so spoedig moontlik in die hande.
- Wees verbind daartoe om so vinnig moontlik na 'n positiewe kontantvloeisituasie te beweeg.

(Enige 2 of toepaslike antwoord – 2 × 2) (4)

3.5

Jaar	Kontantvloei	Diskontofaktor	Huidige waarde	
1	20 000	0.909	R18,180	✓
2	22 000	0.826	R18,172	✓
3	15 000	0.751	R11,265	✓
4	12 000	0.683	R8,196	✓
		Totaal	R55,813	✓
		Min: Investering in die kamera	R–48,000	✓
		NHW	R7,813	✓

(7)

3.6
- Ja✓
- Die NHW is positief, wat beteken dat dit vir die onderneming winsgewend sou wees om hierdie kamera aan te koop.✓ (OF 'n soortgelyke antwoord) (2)

3.7
- Terugbetalingsmetode
- Interne opbrengskoers (IOK) (2)

3.8
- Stuur state betyds uit.
- Hef rente op agterstallige rekeninge.
- Bied vroeëbetalingskortings aan.
- Kontak die debiteure wie se rekeninge agterstallig is en stel vas wat die probleem is. (Enige 2 of toepaslike antwoorde – 2 × 1) (2)

3.9
- Bedryfslas: 'n Onderneming betaal bedryfslaste, soos krediteure of 'n oortrokkebankrekening, oor 'n kort termyn, binne 1 jaar, af.✓
- Niebedryfslas: 'n Onderneming verbind hom daartoe om hierdie laste, byvoorbeeld verbande of 'n langtermynbanklening oor 'n lang termyn, oor meer as 1 jaar of langer,✓ af te betaal.

(OF soortgelyke antwoorde met 'n toepaslike voorbeeld elk – 2 × 2) (4)

3.10
- Trek gereeld 'n vergelyking tussen die werklike en die begrote inkomste en uitgawes en voer regstellende handelings uit, waar nodig.
- Oefen beheer oor elektrisiteits-, water- en telefoonverbruik uit aangesien dit gewoonlik die bokoste is wat misbruik kan word.
- Koop doeltreffende toerusting vir die onderneming aan.
- Gaan aflewerings vanaf verskaffers sorgvuldig deur.
- Gaan gereeld na of daar wanbestuur van fondse is.
- Koop materiaal in grootmaat by die verskaffers, waar moontlik, aangesien dit goedkoper is.
- Versien toerusting gereeld omdat dit duurder herstelwerk later verhoed.

(OF enige ander toepaslike antwoorde – 2 × 1) (2)

3.11
- Beter promosies deur mededingers
- Veranderinge in regeringsregulasies
- Klante wat na ander produkte op soek is
- Wisselkoersskommelings wat 'n invloed uitoefen op materiaal wat oorsee aangekoop word
- Hoë rentekoerse wat klante se verkoopsbestellings sal raak
- Inflasie wat klante se koopkrag beïnvloed
- Die onderneming wat 'n slegte reputasie kan opdoen

(Enige 2 of enige toepaslike eksterne beperkinge – 2 × 1) (2)
[40]

VRAAG 4

4.1
- Dit kan die aansporing vir ’n suksesvolle en winsgewende onderneming wees.
- Sy is dan op hoogte van al die areas van haar onderneming.
- Sy kan stappe doen waar nodig.
- Sy kan haar onderneming se prestasie monitor.
- Sy kan faktore identifiseer wat haar aandag benodig.

(Enige 2 of enige toepaslike antwoorde – 2 × 2) (4)

4.2 Met gebruik van die metode van nulgebaseerde begroting word aanvaar dat elke item op die begroting nul is.✓
As 'n uitgawe vir die volgende tydperk by die begroting ingesluit moet word, moet daar ’n motivering daarvoor gegee word. (2)

Dit is anders as 'n buigsame begroting, waarin die uitgawes volgens die verandering in volume aangepas word ten einde die begrote uitgawes vir die volgende tydperk te bepaal. (OF soortgelyke antwoorde)

4.3
- Dit voorsien korttermynbetalings aan swanger werkers wat nie kan werk nie.
- Dit voorsien korttermynbetalings aan afgelegde werkers wat nie kan werk nie.
- Dit voorsien korttermynbetalings aan siek werkers wat nie kan werk nie.

(Enige 1 × 2 OF soortgelyke antwoorde) (2)

4.4 4.4.1 Wins voor belasting/Omset × 100

$= \frac{112\ 350\ ✓}{195\ 000✓} × 100 = 57,62\%✓$ (3)

4.4.2
- Die verhouding het toegeneem, wat beteken dat:
  - Die netto wins in 2015 toegeneem het
  - Die bedryfskoste gedaal het
  - Die onderneming se bedrywighede besig is om te verbeter

(Enige 1 × 2 OF soortgelyke antwoorde) (2)

LET WEL: MOENIE AANVAAR NIE:
DIE VERHOUDING HET TOEGENEEM. Die studente moet verduidelik wat hierdie toename beteken.

4.4.3 $\frac{\text{Omset vir die jaar – Omset vir vorige jaar}}{\text{Omset vir vorige jaar}} × 100$✓ (formule)

$= \frac{195\ 000✓ – 180\ 900✓}{180\ 900✓} × 100$

$= 7,79\%✓$ (5)

4.4.4 139 300✓ × 12%✓ = R16 716 OF: 139 300 x 112%
R16 716 + R139 300 = R156 016✓ = R156 016 (3)

4.5
- Hersien die begroting slegs wanneer onverwagse veranderinge plaasvind.
- Monitor die begroting op 'n gereelde grondslag.
- Stel vinnig ondersoek in na afwykings.
- Wees daartoe verbind om die begroting te beheer.

(Enige 2 × 1 OF soortgelyke antwoorde) (2)

4.8 4.8.1 Bedryfsbastes/Bedryfslaste

$= \frac{35\ 300✓}{8\ 500✓} = 4,15 : 1✓$ (4)

4.8.2
- Vir elke R1 van bedryfslaste wat die onderneming het, het hy R4.15 se bedryfsbates.
- Die onderneming is likied en hy kan sy skuld delg.
- Die bedryfslaste word voldoende deur die bedryfsbates gedek.
- Dit is bo die norm van 1 : 1.

(Enige 1 of toepaslike antwoord – 1 × 2) (2)

4.8.3 Wins voor belasting × 100✓

= 112 350✓ × 100
166 800✓

= 67,36%✓ (4)

4.8.4
- Die eienaar onttrek nie winste nie, maar herinvesteer/behou dit in die onderneming.
- Winste neem toe. (Enige toepaslike 1 × 2) (2)

4.9
- Wanneer belasting vermy word deurdat 'n vals opgawe ingedien word
- As jy versuim om jou inkomste en inligting korrek in 'n belastingopgawe openbaar te maak
- Die nieopenbaarmaking van tersaaklike inligting in 'n belastingopgawe

(Enige 2 × 1 OF soortgelyke antwoorde) (2)

4.10
- Sy sal nie weet of haar onderneming 'n wins of 'n verlies maak nie (finansiële resultate).
- Sy sal nie weet wat die onderneming se finansiële posisie is nie.
- Haar onderneming kan winste verloor omdat sy nie weet wat haar finansiële resultate of posisie is nie en ook nie weet hoe om dit te verbeter nie.
- Sy kan beheer oor haar koste verloor.
- Sy sal nie haar onderneming se netto waarde ken nie.
- Sy sal nie weet of sy onder of bo haar begrote syfers bestee het nie.
- Afwykings kan dan nie opgespoor word en stappe gedoen word om dit op te los nie. (Enige 2 × 1 OF toepaslike antwoorde; gebruik u diskresie) (2)

4.11 Lening om druktoerusting aan te koop (1)

[40]

VRAAG 5

5.1 Belastingkorting is 'n vermindering✓ op die belasting wat betaalbaar is✓ en wat individue ontvang. (OF 'n soortgelyke antwoord) (2)

5.2 R12 500 × 1% = R125✓ – werknemer
R12 500 × 1% = <u>R125</u>✓ – werkgewer
R250✓ (3)

5.3
- Hierdie kwitansies is haar bewys van aankope.
- Dit kan as bewys van boekstawings in haar boeke gebruik word.
- Dit kan vir versekeringsdoeleindes gebruik word as bewys van die koste van haar hoëwaarde-items. (Enige 1 × 1 of 'n soortgelyke antwoord) (1)

5.4
- Ondernemings-/eienaarsprofiel
- Produk(te) en diens(te)
- Die mark
- Verkopestrategie
- Gelykbreekontleding (waarin vaste en veranderlike koste weergegee word)
- Finansiële projeksies (Enige 3 × 1 of soortgelyke antwoord) (3)

5.5 Jaar 1 – 7 999 × 25%✓ = R1 999,75
Jaar 2 = <u>R1 999,75</u>✓
Totaal ná 2 jaar = R3 999,50✓ (3)

5.6 5.6.1 Belastingaftrekbaar✓ aangesien waardevermindering 'n ondernemingsuitgawe is✓

5.6.2 Belastingaftrekbaar✓ aangesien dit 'n ondernemingsuitgawe is✓

5.6.3 Niebelastingaftrekbaar✓ aangesien dit 'n vermybare daad is (wat weens versuim gebeur het)✓ – of dit is ingevolge artikel 23(d) verbode, of dit moet 'n onvermydelike begeleidende handels-verskynsel wees

(3 × 2) (6)

5.7 R21 250 – 7 150✓= 14 100✓ (2)

5.8 'n Alleenmansaak is persoonlik vir die betaling van belasting op winste verantwoordelik✓ aangesien die wins by sy/haar persoonlikebelasting-opgawe ingesluit word.✓ (OF 'n soortgelyke antwoord) (2)

5.9	5.9.1	Belasbare inkomste: 29 000 × 12 = R348 000✓		
		Belasting volgens die belastingtabelle:	55 957✓	
		+ 30%✓ × (348 000 – 272 700) ✓	22 590	
		Totale belasting betaalbaar volgens die belastingtabelle	78 547	
		Min: Primêre korting	(12 726)✓	
		Belasting betaalbaar	R 65 821✓	(6)
	5.9.2	Belasting volgens die belastingtabelle:	31 419,00✓	
		+ 25%✓ x (180 000 – 174 550) ✓	1 362,50	
		Totale belasting betaalbaar volgens die belastingtabelle	32 781,50	
		Min:		
		☞Primêre korting	(12 726,00)✓	
		☞Sekondêre korting	(7 110,00)✓	
		Belasting betaalbaar	R12 945,50✓	(6)

5.10 Die regering gebruik belasting vir die verbetering van die land deur die geld te bestee aan:
- Gesondheid
- Welsyn
- Onderwys
- Infrastruktuur (1 × 2 OF soortgelyke antwoorde) (2)

5.11 5.11.1 R5 000✓✓ (Huurgeld is 'n vaste koste.)
5.11.2 R5 500✓✓ (R5 000 + 10%)
(2 × 2) (4)
[40]

TOTAAL AFDELING B: 160
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou